# Kop skuif: Gedagtes het krag

**Lee-Ann van Rensburg 11/08/2019**

## 1. ONS GEDAGTES HET KRAG

**1.1.** Ons lewens draai om ons gedagtes.

**Proverbs 23:7 "For as a man thinks so is he"**

**1.2.** As ons suksesvol wil wees, het ons nodig om ons gedagtes te beheer.

**Spreuke 4:23 (DB) Wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed.**

**1.3.** Ons gedagtes en aksies moet soos Jesus s'n wees.

**1 Korintiërs 2:16 (NLV) Óns kan hierdie dinge egter verstaan, want ons is ingestel om soos Christus te dink.**

## 2. WAT SÊ DIE BYBEL OOR JESUS SE DENKE?

**2.1.** Ek ken God se doel vir my lewe.

**Johannes 8:14 "... Ek weet waar ek vandaan kom en waarheen ek gaan."**

**Lukas 2:49 "Ek is in my Vader se huis."**

**Johannes 10:10 "Ék het gekom sodat hulle lewe kan hê, ja, sodat hulle dit oorvloedig het."**

**2.2.** Ek is altyd bewus daarvan dat God by my is.

**Johannes 16:32 "Ek is nie alleen nie, want die Vader is altyd by my."**

**Lukas 5:16 "Maar Jesus het Hom gereeld in 'n verlate plek afgesonder om te bid."**

**2.3.** Ek laat toe dat God my help om my woorde te kies.

**Johannes 12:49 "Ek het nie uit my eie gepraat nie, maar die Vader wat My gestuur het, het aan My 'n opdrag gegee oor wat Ek moet sê en wat Ek sal verkondig. "**

**2.4.** Ek is afhanklik van God se krag en nie my eie nie.

**Johannes 5:19 "Ek verseker julle, die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen slegs wat Hy die Vader sien doen. Wat die Vader ook al doen, dit doen die Seun net so."**

**2.5.** Ek vergewe my vyande en diegene wat my seer maak.

**Lukas 23:34 (NLV) "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."**

**Matteus 5:44 "Maar Ek sê vir julle, julle moet julle vyande liefhê en bid vir dié wat julle vervolg. "**

**2.6.** Ek gee my lewe vir ander.

**Johannes 10: 14-15 "Ek is die Goeie Herder. Ek ken my skape en hulle herken My, net soos die Vader My ken en Ek ook die Vader ken. En Ek gee my lewe vir die skape."**

**Markus 10:45 "Selfs Ek, die Seun van die Mens, het immers nie gekom om gedien te word nie, maar om diens te lewer en so selfs my lewe te gee as 'n losprys vir baie mense."**

**2.7.** Ek wil God se wil doen, nie my eie nie.

**Johannes 6:38 "Ek het van die hemel af gekom, nie om mý wil uit te voer nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."**

**Filipense 2: 8-9 "As mens onder mense het Hy die pad van vernedering nog verder geloop. Dit sou Hom uiteindelik by die dood aan die kruis uitbring. Wat 'n vernedering! God het dit egter van Hom gevra en Hy het die pad van vernedering gehoorsaam enduit geloop."**

**2.8.** Ek dink met 'n ewigheids perspektief.

**Hebriërs 12: 2 "ons oë vasgenael op Jesus, die Voorganger en Voleinder van ons geloofswedloop. Hy het ter wille van die blydskap wat daar voor vir Hom gewag het, die kruis verduur. Ja, Hy het Hom selfs deur die skande van die kruisdood nie laat afskrik nie. En nou sit Hy op die ereplek langs God op die troon!"**

**3. HOE KAN EK LEER OM SOOS JESUS TE DINK?**

**3.1.** Spandeer tyd saam met Hom, leer Hom ken en lees Sy Woord.
**3.2.** Laat die Heilige Gees toe om jou te lei in waarheid.

**Johannes 16:15 "... die Gees neem uit wat ek te sê het, en maak dit aan u bekend."**

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Nou dat jy punt 2 gelees het, hoe dink jy sal jou lewe verander as jy soos Jesus dink?
2. Watter van die maniere waar op Jesus dink, genoem in punt 2, moet jy die meeste aan werk om daai veranderinge in jou lewe te sien gebeur?
3. Wat gaan jy van nou af anders doen om jou te help om meer soos Jesus te dink?